DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. (012) 328-5082
Faks (012) 328-5091
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

30 Maart 2017

# PERSVRYSTELLING
## (Vir onmiddellike vrystelling)

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het op die volgende bekronings vir 2017 besluit.

Die pryse sal na keuse van die bekroondes tydens bekroningsplegtighede, onderskeidelik op Stellenbosch (Woensdag 21 Junie) en Pretoria (Vrydag 29 September) oorhandig word.

Hierdie verklaring bevat die besonderhede van die bekronings vir 2017. Die bekroondes is waar moontlik reeds mondeling oor die bekronings ingelig.

### 1. HERTZOGPRYS VIR POëSIE

Die Hertzogprys is die vernaamste prestigeprys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die groot kampvegter vir Afrikaans, genl. J.B.M. Hertzog. Die prys is beperk tot oorspronklike letterkundige werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa in dié volgorde. Die prys word toegeken op aanbeveling van die Akademie se Letterkundekommissie.

Die Hertzogprys word vanjaar toegeken aan **Antjie Krog** vir haar bundel *Mede-wete*.

Die prys van R50 000 word geborg deur *Rapport*. Navrae oor hierdie prys: Prof. H.P. van Coller, Sel: 082 825 9743; Tel. 051 430 6476; E-pos: vcollerh@ufs.ac.za .

### 2. EUGèNE MARAISPRYS

Die prys word toegeken vir 'n eerste of vroeë letterkundige werk en kan net een keer aan 'n persoon toegeken word. Boeke wat in 2015 verskyn het, het in aanmerking gekom.

Die prys word toegeken aan **Lien Botha** vir *Wonderboom* (prosa).

Die prys word geborg deur *Rapport* en ander borge. Navrae oor hierdie prys: Prof. H.P. van Coller, Sel: 082 825 9743; Tel. 051 430 6476; E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

### 3. EUGèNE MARAISPRYS

Die prys word toegeken vir 'n eerste of vroeë letterkundige werk en kan net een keer aan 'n persoon toegeken word. Boeke wat in 2016 verskyn het, het in aanmerking gekom.

Die prys word toegeken aan **Amy Jephta** vir *Kristalvlakte* (drama).

Navrae oor hierdie prys: Prof. H.P. van Coller, Sel: 082 825 9743; Tel. 051 430 6476; E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

4. **EUGèNE MARAISPRYS**

Die prys word toegeken vir 'n eerste of vroeë letterkundige werk en kan net een keer aan 'n persoon toegeken word. Boeke wat in 2016 verskyn het, het in aanmerking gekom.

Die prys word toegeken aan **Bibi Slippers** vir *Fotostaatmasjien* (poësie)

Navrae oor hierdie prys: Prof. H.P. van Coller, Sel: 082 825 9743; Tel. 051 430 6476; E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

5. **SA AKADEMIEPRYS VIR VERTAALDE WERK**

Die prys word toegeken vir vertaling in Afrikaans van bellettristiese werk uit enige ander taal. By die beoordeling van die vertaling word gelet op die aansien wat die vertaalde werk binne sy eie taal se letterkunde geniet en op die juistheid en algemene geslaagdheid van die vertaling.

Die prys word toegeken aan **dr. Daniel Hugo** vir *Oorlog en terpentyn* met inbegrip van sy vorige vertaalde werke.

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Sel: 082 825 9743; Tel. 051 430 6476; E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

6. **L.W. HIEMSTRAPRYS VIR NIEFIKSIE**

Die toekenning van die prys word driejaarliks oorweeg vir 'n oorspronklike niefiksie werk in Afrikaans wat nie beperk is tot die vakspesialis nie.

Die prys word toegeken aan **Carel van der Merwe** vir *Donker Stroom.*

Die prys word geborg deur die Louis Hiemstra Trust. Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Sel: 082 825 9743; Tel. 051 430 64 76; E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

7. **HAVENGAPRYS VIR LEWENSWETENSKAPPE**

Die Havengaprys is 'n jaarlikse prestigeprys wat toegeken word vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegnologiese gebied. Die prys kan net een maal aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word toegeken aan **prof. Jolanda Roux**, verbonde aan die Dept. Plantwetenskappe, Universiteit van Pretoria.

Prof. Roux is een van Suid-Afrika se uitsonderlike wetenskaplikes en haar werk word nasionaal en internasionaal erken. Haar bydrae tot die wetenskap in Afrika word wyd erken en waardeer.

8. **HAVENGAPRYS VIR FISIESE WETENSKAPPE**

Die prys word toegeken aan **prof. H.B. (Hendrik) Geyer**, verbonde aan die Departement Fisika, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Geyer se publikasierekord getuig daarvan dat hy 'n baie aktiewe navorser is wat 'n enorme bydrae tot aspekte van kwantummeganika maak. Hy word beskou as 'n pionier in die relatief nuwe veld van sogenaamde *PT-simmetriese fisika*.

**9. STALSPRYS VIR MAATSKAPLIKE WERK**

Die prys word toegeken vir 'n hoogstaande publikasie of 'n reeks hoogstaande publikasies by voorkeur in Afrikaans, asook vir individuele of gesamentlike produkte van hoogstaande gehalte waardeur buitengewone bydraes tot die wetenskapsbeoefening gemaak word.

Die prys word toegeken aan **L.K. (Lambert) Engelbrecht**, Hoof van die Dept. Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Engelbrecht lewer 'n beduidende bydrae in die professie van maatskaplike werk. Dit is veral prof. Engelbrecht se werk oor die effek van neoliberalisme op maatskaplikewerk-dienslewering wat plaaslik en internasionaal hoog aangeskryf word.

**10. HUBERTE RUPERTPRYS VIR KLASSIEKE MUSIEK**

Die prys word toegeken aan die operasangeres **me. Hanna van Niekerk**.

Volgens die maatstaf van operaoptredes het me. Van Niekerk veel tot haar krediet in hoofrolle in operaproduksies soos *Madame Butterfly, La Bohème* en *Nabucco*. Die kunslied, en meer spesifiek die Afrikaanse kunslied, het mettertyd die middelpunt van haar loopbaan gevorm.

Die prys word deur die Rupert Stigting geborg.

**11. DELEEN BEKKERPRYS VIR DIE BESTE DOKUMENTêRE TV-DRAAIBOEK IN AFRIKAANS**

Die prys word toegeken aan **Richard Finn Gregory** vir *Boere op die aardsdrempel*.

Richard Finn Gregory is die regisseur en draaiboekskrywer van die program wat die verhaal van 600 Boerefamilies van Suid-Afrika ná die Anglo-Boereoorlog na Argentinië verlaat om die spook van die konsentrasiekampe en 'n nuwe regering te ontwyk. Die wetenskaplike waarde van die film lê veral in die dokumentering van die Afrikaanse taal wat ná meer as 'n eeu in isolasie weinig verander het en tot vergelykende taalstudies kan lei.

Die prys behels 'n kontantbedrag van R50 000 en 'n 9kt- goue medalje.

**12. EREPENNING VAN DIE AKADEMIE**

Die Akademie se Erepenning gee erkenning vir besondere prestasie op verskeie terreine binne die doelstellings van die Akademie.

**12.1 Erepenning vir die bevordering van Geskiedenis**

Hierdie Erepenning gee erkenning aan 'n persoon vir 'n besonder hoogstaande bydrae tot die bevordering van die Geskiedenis as dissipline in Suid-Afrika.

Die Erepenning word vanjaar toegeken aan **dr. Nicol Stassen** van Protea Boekhuis.

Dr. Stassen het oor 'n wye front 'n besonder positiewe bydrae tot die studie van geskiedenis gelewer. Nie alleen het hy met sy eie publikasies 'n unieke bydrae tot ons kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelewer nie, maar speel hy as uitgewer en boekhandelaar 'n prominente rol in die ontginning van geskiedeniswerke en, indien mens die begrip kultuurgeskiedenis breër interpreteer, vanweë die publikasie van Afrikaanse poësie, prosa en dramakuns, en die vertaling in Afrikaans van anderstalige werke van fiksie en niefiksie.

**12.2 Erepenning vir 'n dokumentêre televisieprogram in Afrikaans**

Die Erepenning word toegeken aan **Richard Finn Gregory** vir *Boere op die aardsdrempel.*

Die program handel oor die afstammelinge van 'n groep Afrikaanssprekende Boere wat ná die Anglo-Boereoorlog in 1902 hulle in Patagonië, Argentinië, gevestig het. Die program is 'n dokumentêr wat gegewens dokumenteer wat vir die huidige Suid-Afrikaner van besondere waarde is, naamlik die historiese taalkundige vonds wat daarin gevind word, asook die optekening van 'n verbygegane leefwêreld van 'n klein groep Afrikaners op 'n ander kontinent en hulle verbintenis met 'n historiese gegewe van meer as 'n eeu gelede.

**12.3 Erepenning vir Toneel- en verhoogkuns en die Gerhard Beukesprys**

Die Erepenning word toegeken aan **Gerben Kamper,** verbonde aan die Dept. Drama en Teaterkuns, Universiteit van die Vrystaat.

Die prys word aan mnr. Kamper toegeken vir sy lewenslange en uitmuntende artistieke bydrae tot die Afrikaanse Teater as veelsydige teaterkunstenaar, teateradministrateur en akademikus. Op artistieke gebied bly hy besonder bedrywig en tree hy op in die professionele teatergroep FACTS van die Universiteit se Dramadepartement. By Nasionale Kunstefeeste tree hy gereeld op as bekroonde akteur en regisseur.

**12.4 Erepenning vir Radiodrama in Afrikaans**

Die Erepenning word toegeken aan **Marita van der Vyver** vir haar radiohoorspel *Genade*.

Met haar hoorspel skep Marita van der Vyver twee onvergeetlike karakters. 'n Egpaar wat 'n lang en gelukkige huwelik gesmaak het, word onderwerp aan die vrou se dementia of dan Alzheimer se siekte. Die skrywer slaag daarin om twee volbloedmense daar te stel en terselfdertyd met subtiliteit en besonder raak gekose woorde en omstandighede die toename in die simptome van die gevreesde siekte vas te vang. Dit word nooit 'n mediese lesing nie. Dit bly 'n eg menslike verhaal vol kinkels en humor en patos.

**12.5 Erepenning vir Visuele Kunste**

Die Erepenning vir Visuele Kunste (grafiese kuns) word toegeken aan **Ben Botma**.

Ben Botma is 'n grafiese kunstenaar wat op 'n hoogs individuele manier na die Suid-Afrikaanse landskap kyk, wat hy interpreteer met 'n groot verskeidenheid mediums. Sy delikate aanslag, die tydsaamheid waarmee hy werk, is in al sy werke tekenend van 'n groot liefde vir die agterdoek van epiese proporsies waarvoor 'n landskapkunstenaar in Suid-Afrika te staan kom. Sy kommentaar op voorwerpe wat op die ongeskonde aarde verskyn, soos kruise of blokhuise langs die pad, is vlymskerp en dikwels roerend. Min plaaslike kunstenaars het met hul medium so na aan die aarde van hierdie land gekom.

**12.6 Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie**

Hierdie Erepenning word toegeken vir prestasies en bydraes ten opsigte van die bevordering en ontwikkeling van die besondere vakgebied en kan net in uitsonderlike gevalle toegeken word.

Die prys word toegeken aan **prof. J.H. Neethling,** verbonde aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth.

Prof. Neethling het onverpoos 'n bewusmakings- en fondsinsamelingsveldtog geloods om op dieselfde vlak in Suid-Afrika te kom as die voorste materiaalnavorsingsuniversiteite deur 'n moderne hoë-oplosvermoë-elektronmikroskoop en kundige personeel by die NMMU te vestig. Prof. Neethling het ook die nodige fondse bekom vir die oprig van 'n spesiale gebou om die 4 elektronmikroskope van R96 m te huisves.

**13. PROTEA BOEKHUISPRYS VIR DIE BESTE GESKIEDENISVERHANDELING IN AFRIKAANS EN DIE GENERAAL CHRISTIAAN DE WET-BEURS**

Die prys word toegeken aan **me. Anneke van Heerden,** verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch. Die prys word toegeken vir haar M.A.-verhandeling met die titel "Die Suiderkruisfonds en die mobilisering van die Suid-Afrikaanse blanke burgerlike samelewing tydens die Grensoorlog 1968-1989".

Die Protea Boekhuisprys word geborg deur Protea Boekhuis.

**14. ALBERT STRATINGPRYS VIR VOORKOMENDE GENEESKUNDE**

Die volgende geld by die keuse van 'n kandidaat: Voortreflike bydraes tot 'n vertakking of vertakkings van voorkomende geneeskunde wat as wesenlike bydrae tot die bevordering van die gesondheid van die gemeenskap en die voorkoming van siekte beskou kan word.

Die prys word toegeken aan **prof. S.J. (Hanlie) Moss,** Navosingsdirekteur van die Fokusarea Fisieke Aktiwiteit, Sport en Rekreasie aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

Epidemiologiese studies dui aan dat fisieke aktiwiteit as 'n belangrike modaliteit in die bevordering van gesondheid kan dien. Vir prof. Moss is hierdie navorsingsveld 'n passie en haar wetenskaplike ingesteldheid en ywer, asook die praktiese toepassing van navorsingsresultate werp vrugte af. Sy het onder andere monumentale werk gelewer met verstandelik gestremde persone, waarvoor sy internasionale erkenning gekry het.

**15. D.F. DU TOIT-MALHERBEPRYS VIR GENEALOGIESE NAVORSING**

Die prys word toegeken aan **prof. Gerhard Geldenhuys,** emeritus professor van die Departement Toegepaste Wiskunde, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Geldenhuys ontvang die prys vir die besondere rol wat sy genealogiese navorsing gespeel het op 'n medies-wetenskaplike gebied in die ontrafeling van die molekulêre oorsake van oorerflike siektes.

**16. ELIZABETH C. STEIJNMEDALJE**

Hierdie medalje is ingestel om 'n onderwyser of onderwyseres te bekroon wat sy of haar opvoedingswerk deur medium van Afrikaans doen en wat hom of haar onderskei het op die gebied van praktiese onderwys en opvoeding binne, sowel as buite die klaskamer. Dit is vernoem na mej. Elizabeth C. Steijn, wat vir baie jare die hoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria was.

Die medalje word toegeken aan **mnr. Jannie van der Westhuizen,** Rektor van die Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch.

Die kombinasie van mnr. Van der Westhuizen se strategiese en praktiese denke, tesame met sy unieke kundigheid in onderwyskompleksiteite in Suid-Afrika, word wyd erken in die skolesektor, sowel as akademiese kringe.

**17. BESONDERE EREPENNING**

'n Besondere erepenning word toegeken aan **mnr. Tommie Sassen**, van Pretoria.

Mnr. Sasseen word beskou as een van Suid-Afrika se werklik groot kunstenaars op die gebied van die ontwerp en maak van stempels vir geldmuntstukke, sowel as medaljes vir spesiale geleenthede en vir prystoekennings. Om 'n stempel vir 'n medalje of vir 'n muntreeks voor te berei en te sny is 'n skaars vaardigheid. Die persoon moet nie net 'n goeie kunstenaar wees nie, maar moet ook oor uitstekende tegniese vermoëns beskik. By die vervaardiging van die stempels is kennis van metale noodsaaklik om te verseker dat 'n goeie weergawe van die beplande ontwerp gedruk word.

**18. DOUW GREEFF-PRYS**

Die prys word toegeken vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* gedurende die jaar wat die prys voorafgaan, gepubliseer is.

Die prys word toegeken aan **prof. Eduard Venter, mnr. Phumzile Sibisi en Natasha van de Haar** van die Departement Plantkunde en Plantbiotegnologie, Universiteit van Johannesburg en **Adriaana Jacobs** van die Landbounavorsingsraad, Afdeling Plantbeskerming vir hulle artikel "Bakteriële populasieprofiele vanaf diesel verkry by vulstasies" in *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, vol. 35, no. 1 (2016).

**19. ESTHER GREEFF-PRYS**

Die prys word vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gepubliseer is, toegeken.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. Nerina Bosman**, verbonde aan die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, vir haar artikel "EET en DRINK in Afrikaans – 'n leksikaal-semantiese ondersoek" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jg. 55(1), Maart 2015.

**20. JUNIOR KAPTEIN SCOTT-GEDENKMEDALJE (Plantkundige Wetenskappe)**

Die medalje kan jaarliks toegeken word vir die beste verhandeling wat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit vir die M.Sc.-graad ingedien is (om die beurt in die dierkundige of plantkundige wetenskappe).

Die medalje word toegeken aan **me. S.F. (Ancia) Cornelius**, student van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Die titel van haar verhandeling is "Health clinic gardens in North-West Province, South Africa, as complex social-ecological systems".

**21. POORTPRYS**

Toekenning van hierdie prys word jaarliks oorweeg vir die twee beste skeppende bydraes (poësie, prosa, drama) deur leerlinge in grade 10, 11 en 12.

Die prys word vanjaar toegeken aan:
Prosa: **Nina du Preez**, 'n graad 10-leerling van die Hoërskool Centurion, Pretoria.
Poësie: **Brigitte Geyer**, 'n graad-12 leerling van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria.

**Dr. Dionē Prinsloo**
**Hoof Uitvoerende Beampte**
**Tel 086 133 3786 (w)**
**Sel 082 464 6953**
**E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za**